Safari Times

FOR YOUR READING PLEASURE
in store only. Kindly leave this quarterly newspaper in the store for other customers to enjoy. For an electronic version, please visit our website.

VOL. II...No. 2 | OUTDOOR & HUNTING INDUSTRY NEWS Q3//2021 | WWW.SAFARIOUTDOOR.CO.ZA

JAG IS IN MY BLOED

UGANDA, DIE PÊREL VAN AFRIKA

Foto: Johnny Forbes

Johnny Forbes, Pretoria

Dis 'n storie dié wat jy nie kan oorvertel nie! Drie keer was alles gereël vir daardie droomjagtog na Uganda en drie keer het alles uitgereën. Die vierde keer kon ons darem daarin slaag, ondanks nuwe struikelblokke soos Covid-19 en opgeskorte vlugte. Met my en goeie vriend Nicolai Raubenheimer se aankoms, het die manne van Uganda Wildlife Safaris ons hartlik ontvang en kon ons uiteindelik ons jagtog begin.

Ons eerste kamp, Aswa-lolim, lê reg teenaan die Nylrivier. Ons is vir 13 dae in Uganda en het 'n lang lys spesies wat ons wil jag. Of daar genoeg tyd gaan wees, sal ons maar moet sien. Ons is haastig skietbaan toe om seker te maak ons gewere skiet nog waar hulle moet ná die lang vlug en slegte paaie. Ek het my getroue 7mm Blaser Mag gebring en Nicolai sy .300 Win Mag Blaser.

Ons ry 'n draai met die Land Cruiser en gewaar ná 'n paar uur 'n mooi groot Ugandese kob-ram. Ons klim vinnig af en volg hom te voet, want in Uganda mag niks van 'n bakkie af geskiet word nie. My skoot tref nie presies waar ek beplan het nie, maar gelukkig spoor ons hom gou op en ek gee hom 'n doodskoot. Op pad terug kamp toe kom ons 'n groot ram met mooi diep "bakke" teen. Ek, Nicolai en Christian Weth van Uganda Wildlife Safaris is te voet agter hom aan. Ná 300 m se bekruip kry ek 'n skoot in en trek hom plat. Met twee mooi ramme in die sout is die ys gebreek!

Vroeg die volgende oggend is ons op pad na ons volgende kamp, Karamojo, sowat 80 km van die grens tussen Uganda en Suid-Soedan. Ons is op soek na Nyl-buffels, Gunter se dik-dik, Jackson se hartbees en 'n bohor-rietbok.

Die daaropvolgende dag is ons weer vroeg veld toe. Een van die spoorsnyers agter ons gewaar 'n trop buffels. Ons hou dadelik stil en klim van die Cruiser af. Ons bekruip die buffels en kom taamlik naby, maar die gras is so hoog, jy sien net hul rûe. Toe hulle ons gewaar, moet ons teruggaan en vanuit 'n ander rigting bekruip. Met die terugstap kom 'n buffels meteens skuins van voor na ons aangedraf. Dis 'n ou "dagga boy" met 'n afpunthoring. Ek soek nie 'n afhoringbul nie, maar Nicolai wel. Hy bekruip die bul vinnig tot binne 30 m en blaker hom met sy .470 NE-dubbel. Albei skote tref, maar die bul hardloop weg. Voor hy egter ver kan vorder, slaan hy morsdood neer. Toe ek sien hoe karaktervol hy met sy afpunthoring is, het ek besef hoe uniek hy is.

Ons ry verder op soek na nog buffels en kom op 'n trop mooi Jackson se hartbeeste af. Ons probeer hulle stilletjies nader, maar skielik hardloop twee bakleiende bohor-rietbokramme voor ons verby. Christian sê: "Skiet die een links – hy is baie groot!" Ek trek los en die bok is plat – 'n pragtige ram! Ons neem foto's en loop verder in die rigting waarin die hartbeeste gehardloop het nadat die skoot geklap het. Nicolai gewaar 'n alleenloper-buffelbul en ons begin hom bekruip. Hy is stokoud en sy horingknobbels is kliphard en glad verweer. Toe die twee skote uit my Verney .500 NE hom tref, hardloop hy 'n entjie en slaan dan neer. Ek herlaai en ons nader hom versigtig. Toe ons sowat 40 m van hom af kom, staan hy op, gereed om tot die dood te baklei. Maar ons kan sien hy is gedaan. Ek skiet nog twee skote en daarmee is die bul na die ewige weivelde. Ons neem 'n paar foto's en drink 'n bier op ons twee pragtige Nyl-buffels.

Ons is net ná drie die volgende oggend op, want ons moet ver ry op soek na Gunter se dik-dikkies. Ons moet teen sonop daar wees wanneer hulle die paadjies opsoek vir die oggendson. Daar gekom, kry ons alles reg en ry stadig in die paadjies af. Ons is skaars 1 km ver toe ons 'n pragtige ram teenkom. Jy kan nie huiwer of eens die horings bekyk nie, want 'n dik-dik kan blitsig in die digte bosse verdwyn. Dis 'n volwasse ram, en Nicolai sê: "Skiet!" Toe die skoot klap, is die dik-dik teen die grond.

Ná 'n vinnige ontbyt in die kamp kies ons weer koers veld toe. Ons loop weer 'n trop hartbeeste raak en bekruip hulle, maar hulle behou hul afstand. Skielik gewaar ons 'n mooi bul en Nicolai maak die stokke vir my oop. In my haas het ek nie eens sy horings opgemerk nie – bloot net gemik en die sneller getrek. Nog 'n mooi trofee is in die sout.

Ons volgende kamp is in die Kafu-rivierbekken, waar ons sitatungas (waterkoedoes) en bosbokke sal jag. Die kamp is egter oorstroom en ons besluit om eerder 'n paar dae by die Mburo-meer te gaan jag. Ek is op soek na 'n Oos-Afrikaanse rooibok, 'n Patterson se eland en 'n topi. Karamojo is sowat 15 uur se ry van die Mburo-meer af. Ons besluit om eerder in Kampala oor te slaap en die volgende oggend deur te ry.

Ek en Nicolai het nog nooit rooibokke gesien met horings soos dié van die Oos-Afrikaanse rooibok nie. Dit is ongelooflik – troppe van meer as 15 ramme en nie een, skat ons, onder 23" nie! Ons het elkeen twee ramme gejag – die kleinste een was 28" en die grootste een net oor die 30".

Ek het ook 'n pragtige topi-bul geskiet waar hy bo-op 'n miershoop die wêreld staan en bekyk.

(*vervolg op bl 2*)

Hochsitz

Marco van Niekerk
CEO: Outdoor Investment Holdings

We are speeding towards the end of 2021 at an incredible pace, already going well into September. Regulations and disruptions in line with the pandemic do not seem to have an end in sight, but true to human nature, we are finding ways daily of going about our lives in the most normal fashion possible.

The hunting season is slowly fizzling out, with only the most dedicated hunters still out in the bush. With the adoption of cooled trailers, we have seen hunters push into October and even November these days, making the most of what is, in reality, a short hunting season.

September would have seen Safari Outdoor hosting another Dangerous Game Shoot, which has become hugely popular and oversubscribed. Unfortunately, we were informed by SAPS that, due to complaints by a local handgun club around Covid fears and the number of shots participating, they would not issue a permit authorising the event. Safari had to offer entrants a full refund as there is no way of knowing when this event can be rescheduled.

The Firearm Amendment Act seem to be the topic of the moment for firearm owners everywhere. Outdoor Investment Holdings have engaged with all levels of government and industry stakeholders in an attempt to push back against rhetoric created by (amongst others) Gun Free SA. Fictional statistics and emotional statements are held forth as facts, and by repeating it over and over, it is supposed to warrant (amongst other sweeping changes) the removal of self-defence firearms licensed to private owners. I think the recent social unrest in Kwazulu-Natal would at least force some logic back to the topic as SAPS demonstrated their absolute inability to protect lives or property. Time will show if this initiative will move forward, but every firearm owner needs to get involved if we want to keep enjoying the relative freedom we have had for the last few years.

During August, Safari Outdoor brought an application against the Central Firearms Registry on behalf of around 60 customers who have been waiting for their licences for longer than 120 days. SAPS opposed the application, but several of the outstanding applications were suddenly processed the day after the action was served. The application will still be heard towards the end of September with the sole aim to hold the administrative system accountable and creating case law around what the court sees as reasonable timeframes for the CFR to process a new application.

We look forward to the many events scheduled for the next three months. Keep an eye out for dates and information that will circulate on social media.